# **Die wonderlike en verblydende waarheid van die verlore penning**



Die Here Jesus was ‘n Meester storieverteller. Hy het gereeld deur verhale, of soos die Bybel hul noem, gelykenisse, groot waarhede aan Sy gehoor meegedeel. Hy wat die Formeerder is van ons liggaam en siel, weet ook hoe ons verstand werk en hoe om groot waarhede aan ons harte tuis te bring. Hierdie was geen uitsondering op die reël nie. In die eerste gedeelte van die perikoop vind ons eers die vertelling van die verlore skaap.

Dit is ‘n kosbare illustrasie van God se genade.  Hy is die een is wat die verlore skaap gaan soek. Die skapie is op sy eie en met sy eie ding besig, maar God in Sy liefde gaan soek en red die skaap en maak hom deel van Sy kudde. Ons gaan egter nie vandag kyk na die verlore skaap nie, maar na die verlore penning.

Ek weet nie of u al goed verloor het, of misplaas het soos ek nie. Dit is my grootste tydverdryf……om te soek. Dinge wat nie opsoek was nie, raak opsoek, omdat ek dit dalk bêre en nie kan onthou waar ek dit gesit het nie, of ek verloor dit net heeltemal. Dit is nogals ‘n ‘heerlike’ groot frustrasie en hoe groter die waarde van dit wat jy verloor, hoe deegliker is die soektog.

Kom kyk saam met my na die gelykenis van die verlore penning en sien die kosbare boodskap daarin opgesluit vir ons, ook in die jaar 2021. In die lig van wat ons verstaan oor verlore goed, nader ons nou na die gedeelte om te besef wat die Here Jesus aan Sy gehoor wil meedeel.

****Die Verlore muntstuk.**

Ons verstaan volgens die gedeelte in Luk 15:8 dat sy, toe dit al donker was, besef sy het een penning verloor. Sy steek haar lamp op en begin die huis uitvee. Onder kaste, in hoekies, oral waar hy dalk kon inrol, druk sy haar besem in en soek. Sy soek sorgvuldig. Van hoek tot kant, tot sy hom kry.

Na sy hom kry, is sy oorstelpt van vreugde en deel die wonderlike goeie nuus met almal. Sy nooi hulle uit om saam met haar fees te vier, omdat sy die penning gekry het.

****Met wie praat Jesus?**

Die mense in Jesus se gehoor het uit verskillende agtergronde van die samelewing gekom. Daar was Fariseërs, Skrifgeleerdes, tollenaars, bedelaars, gewone burgers en sy dissipels. Ons lees:

**Luk 15:1  En al die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad om na Hom te kom en na Hom te luister.**
**Luk 15:2  En die Fariseërs en die skrifgeleerdes het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle.**

Jesus het hulle harte geken en i.p.v om hulle direk aan te spreek vertel hy die 3 gelykenisse. Die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun. Deur dit te doen bring hy hulle in 'n werklike en tasbare situsie wat hulle verstaan, om vir hullle ook sodoende God se hart te wys.

Hand 10:34

____________________________________________________________________________

Psal 147:10

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

__________________________________________v11_______________________________

____________________________________________________________________________

1Kor3:19a_________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Die betekenis van die Gelykenis**

In Bybelse tye het 'n Bruid 10 pennings ontvang met haar troue. As sy selfs net 1 verloor was dit vir haar 'n ernstige saak. Elke penning was baie waardevol en ook baie sentimenteel. (ons dames is maar nog altyd so ☺)

So sien God ons elkeen aan met groot waarde. God het geen behae dat 'n siel verlore gaan nie. Daarom stuur Hy Sy Seun om te red die wat verlore gaan.

Lukas
19:10_____________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Jesus vergelyk die gedeelte waar sy die velore penning vind in vers 9 direk met die reaksie in die Hemel as een sondaar hom bekeer tot God. God het nog nooit Homself vertoon deur Sy krag te wys d.m.v. getalle nie. Ons sien juis hoe God werk in mense en individue se lewens en harte. Ons sien dat God ‘n God van naby is. Hy gee om en het alles gedoen om die te red wat verlore is.  Hy kom en Hy soek en Hy red. Ja, daar is ook die reaksie van die mense kant om te reageer op die roepstem van God, maar selfs dit is die Genade van God wat hom trek om te kan uitroep!

***“ Here red my!”***

Ken u die teksvers. Probeer hom eers self neerskryf voor u hom opsoek.

Efesiërs 2: 8 “ want uit genade ___________________________________________

____________________________________________________________________

Die Geestelike leiers van die Bybelse tye, het mense belas met reëls, moets en moenies en het hulle eie geestelike standaarde opgestel vir die mense, maar het dit self nie eers nagekom nie. Dit het vir hulle gegaan oor die vertoon en die aansien. Jesus was direk gekonfronteer met hulle teenwoordigheid en hulle vyandige gesindheid. Jesus kom en onderrig die volk weer in die Waarheid van God se Woord en daarvoor het hulle Hom gehaat.

Ons lees hoe mense vandag nog God se Woord verdraai om vir hulle ‘n godsdiens daar te stel wat hulle self, en die mens behaag. Daar is geen vrymakende krag daarin nie, want die Woord leer ons dat ons ***die waarheid sal ken en die waarheid sal ons vrymaak.*** **Johannes 8:32**

Daarom is dit vir ons so balangrik om God se Woord te ken en te bestudeer, sodat ons dit in ons harte kan bêre om nie teen God te sondig nie, maar ook om te kan onderskei.

Wat gebeur as ons dit nie doen nie?

Kyk wat sê Efesiërs 4:14

______________________________________________________________________

__________________________________________________________________

**Ons sien dat Jesus gereeld oor die Hemel praat en daar is ‘n paar redes daarvoor.**

- Dit bring vir ons as God se kinders HOOP.
- Om ons verkeerde verstaan en wat ons glo oor die Hemel reg te stel.
- Om God beter te verstaan.
- Om God se liefde en omgee vir Sy kinders te wys.
- Wat dit vir ons beteken om reg te leef voor die Here.

Kom ons maak ‘n punt daarvan om die Here te verheerlik in ons lewens. Ons leef in baie uitdagende tye en ons grootste stryd is in ons gedagtes.

**Ons leer in 2 Kor 10:5 dat ons, ons gedagtes gevange moet neem.**
Dit is waar alles begin. Dit is die groot fabriek van ons emosies en ook wat ons op die ou einde doen. Neem jou gedagtes gevange!

**Hoe doen ek dit?**
Deur God se Woord te lees, te bid, te bestudeer, te luister, te sing……en getuig. Soos iemand eenmaal gesê het - as ons, ons sny moet ons God se Woord bloei. Ons moet so deurdrenk wees met wat ons leer en lees in God se Woord dat dit ons hele lewe sal bepaal en rig.

Vra die Here om u elke dag ‘n geleentheid te gee om te getuig. Om vir enige iemand te vertel van Hom. Vra die Here vir wysheid en insig, om die allerdaagse te gebruik om ‘n gesprek te begin. Bv u koop ‘n brood by die Spar. As jy gaan betaal vir die brood kan jy vir die kassier sê hoe lief jy vir brood is, alhoewel jy so gou weer honger word, maar dat die Brood van God (God se Woord) jou siel versadig. Daar is soveel maniere en tye wat ons oor die HERE kan praat, maar ons kan dit net doen as ons aan Hom behoort.

As u twyfel aan u redding. As u twyfel of u werklik ‘n kind van die Here is, maak asb dan tyd met die Here en kry sekerheid. Die tyd om te wonder en te speel is verby. U is enige tyd welkom om my te kontak en ek sal u begelei en help. Ons weet ons gaan Hom eersdaags sien soos Hy is en ek bid dat u saam met my voor God se troon sal kan staan en hoor:

**Mat 25:23**
**Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**